

## 20. GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

### Josef word verkoop – Genesis 37:12-36

Josef se broers was kwaad en jaloers omdat hulle pa soveel meer van Josef gehou het en vir hom 'n spesiale kleed gegee het. Toe Josef ook nog twee drome droom wat beteken dat hulle eendag voor hom sou buig, was hulle nog kwater.

Op 'n keer het Josef se broers skape opgepas in die veld. Hulle was ver van die huis af. Jakob het Josef geroep en gesê: "Gaan soek jou broers in die veld. Ek wil hoor hoe dit met hulle gaan." Josef het geantwoord: "Dis reg, Pa!" Hy het na sy broers gaan soek. Eers kon hy hulle nie kry nie, maar gelukkig het iemand hom beduie in watter koers hulle gegaan het.

Josef se broers het hom van ver af sien aankom. Hulle sê vir mekaar: "Daar kom die ou dromer aan. Kom ons maak hom dood en gooi hom in die put hier naby. Dan sê ons vir Pa 'n wilde dier het hom verskeur." Maar Ruben, die oudste broer, het nie daarvan gehou nie en 'n plan probeer maak om Josef te help.

"Nee," het hy gesê, "kom ons gooi hom liewer in 'n droë put." Ruben was van plan om Josef later stilletjies te gaan uithaal. Omdat hy die oudste was, het sy broers vir hom geluister. Toe Josef by hulle kom, het hulle dadelik sy mooi kleed uitgetrek en hom in 'n diep put gegooi. Die broers het gaan sit en eet. Net toe kom daar 'n klomp Ismaelitiese handelaars aan wat op pad was na Egipte. "Kom ons verkoop vir Josef," het Juda gesê, "dan hoef ons hom nie dood te maak nie."

Toe verkoop hulle vir Josef aan die handelaars. Hulle was seker dat hy as 'n slaaf in Egipte verkoop sou word.

Intussen was Ruben in die veld by die skape. Toe hy terugkom, ontdek hy die put is leeg! Hy roep toe uit: "Waar is ons broer? Wat gaan ek nou doen?" Die ander broers kry toe 'n slim plan. Hulle slag 'n bokkie en smeer van die bloed aan Josef se klere. Hulle stuur toe die klere na Jakob met die boodskap: "Pa, ons het slegte nuus. Dit is mos Josef se klere. Ons het dit in die veld gekry. Ons dink 'n leeu het hom gevang!" Jakob was verskriklik hartseer toe hy die nuus hoor. Hy het baie gehuil. Sy ander kinders het hom probeer troos, maar dit het niks gehelp. Hy het hartseer gebly en gesê: "Ek sal oor Josef bly treur tot ek self dood is."

## 20. Josef word verkoop – Genesis 37:12–36

**Inleidende aktiwiteit: "Monster Boogie":** Speel 'n liedjie en die gesin stap rond en maak asof hulle 'n monster is. Stop die liedjie en die gesin moet vries. Hulle moet elkeen iets uitroep wat mooi is om vir hulle naaste te doen voordat die musiek weer gespeel kan word. Laat die proses so aangaan totdat die liedjie klaar is.

**Vrae:**

- Wanneer was die laaste keer wat jy kwaad was?
- Hoekom was jy kwaad?
- Wat het jy gedoen toe jy kwaad was? Het jy die "Monster Boogie" gedoen?

Ons het gehoor in die vorige verhaal dat Josef se broers baie kwaad vir hom geraak het en hom gehaat het. Hulle wou hom eintlik doodmaak. Kom ons hoor wat hulle gedoen het.

Lees nou saam die Bybelstuk – Josef word verkoop

**Vrae:**

1. Hoekom was Josef se broers jaloers op hom? (Jakob het Josef voorgetrek, Josef het drome gehad waar hy meer belangrik is as sy broers.)
2. Wat wou hulle met Josef doen? (Hulle wou hom doodmaak.)
3. Wie het hulle gekeer om hom dood te maak? (Ruben)
4. Wat het hulle eers met Josef gedoen? (Hulle het hom in 'n droë put gegooi.)
5. Wat het hulle later met hom gedoen? (Hulle het hom as 'n slaaf verkoop.)
6. Wat het hulle vir Jakob vertel oor wat met Josef gebeur het? (Wilde diere het hom seker verskeur.)
7. Waarheen was die handelaars oppad? (Egipte)

**Aktiwiteit:** Josef se broers het 'n vreeslike ding gedoen. Hulle het Josef verkoop. Dit is nie reg om mense te verkoop asof hulle 'n besitting is nie. Gesels saam oor maniere hoe Josef se broers dinge beter kon hanteer het met Jakob wat Josef voorgetrek het en ook met Josef.

**Gebedsgids:**

- Vra God om julle te help om dit wat julle seermaak of kwaad maak op 'n mooi manier uit te sorteer en dat julle nie 'n verkeerde ding sal doen soos Josef se broers nie.